**SA se demokrasie steeds lewenskragtig, ondanks alles**

**Ursula van Beek***

Niemand wat in die lang, kronkelende toue buite stemlokale op 27 April 1994 gestaan het, sal ooit die dag van Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing vergeet nie. Die tasbare opwinding, die blydskap op die gesigte en die hoop op ’n beter toekoms is deur miljoene Suid-Afrikaners regoor die grense wat deur apartheid afgedwing is, gedeel. Terwyl die mense vir die eerste keer daar saam gestaan het, het die segregasie in kleur-gemerkte blokke oënskynlik soos ’n kaartehuis in mekaar getuimel.

Die wêreld het die gebeurtenis met groot afwagting, maar ook met ’n groot dosis skepsis dopgehou. Gegewe die geskiedenis van langdurige konflik, rasse, etniese en kulturele diversiteit, tesame met skreeuende ekonomiese ongelykhede, het baie nie geglo ’n veelrassige demokrasie sou suksesvol in Suid-Afrika wortelskiet nie.

Afrikadag, wat jaarliks op 25 Mei gevier word, blyk ’n gepaste geleentheid te wees om bestekopname te doen om te sien of dit die optimiste of die twyfelaars was wat reg was. Dit is ook goeie tyd om die suksesse en mislukkings te onthou wat Afrikalande kan help om by mekaar te leer terwyl hulle daarna strewe om die ryk menslike en natuurlike potensiaal van die vasteland te ontwikkel.

Dit is die moeite werd om Suid-Afrika, wat beide kolonialisme en apartheid oorleef het, dop te hou. Die land het belowend begin. Eerstens met die vestiging van die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) om erge skendings van menseregte gedurende die apartheidstydperk te ondersoek, en tweedens deur ’n nuwe Grondwet te aanvaar om die erkenning van menseregte en ’n vreedsame medebestaan vir alle Suid-Afrikaners ongeag kleur, ras, klas, stand of geslag te verseker. Die Grondwet het ook post-apartheid-regerings opdrag gegee om begrip, eerder as wraak, reparasie, eerder as vergelding, en *ubuntu,* eerder as viktimisasie, te bevorder. Die WVK en die demokratiese Grondwet het albei modelle geword wat baie ander lande regoor die wêreld gevolg het namate hulle ook uit ’n verlede van onderdrukte outoriteit begin losbreek het gedurende die sogenaamde “derde golf” van demokratisering.

Die vroeë vreedsame jare van demokrasie in Suid-Afrika is gepaardgegaan deur aansienlike ekonomiese groeikoerse. Beter dienste en maatskaplike beleid, saam met nuwe ekonomiese geleenthede, het tot verbeterde lewenstandaarde vir baie swart mense en die totstandkoming van ’n aansienlike nuwe middelklas gelei.

En toe begin dit alles ontrafel …

Ten slotte …

Suid-Afrika gaan voort om die ergste af te weer. Afgesien van die stewige institusionele struktuur wat beskerm moet word, is die ander faktor wat ruimte vir optimisme oor die toekoms van demokrasie in die land laat, die ontembare gees van sy mense. Ondanks ’n pynlike geskiedenis van konflik, is daar nie ’n verdeling in twee vyandige kampe – die soort polarisasie wat daartoe lei dat demokrasie afvallig word of selfs uitsterf – nie. Die verdelings is eerder veelvoudig en daarom nie so kragtig nie.

Wat belangriker is, is dat daar ’n onderstroom van eenheid as ’n volk is. Hierdie trotse Suid-Afrikaanse gevoel smeul onder die grond en vlam by tye op, veral wanneer die land by wêreldsportgeleenthede triomfeer. ’n Bevoegde regering wat omgee en tot maatskaplike geregtigheid verbind is, kan die wind van verandering wees wat hierdie klein opvlammings tot ’n reusagtige vlam aanblaas.

- Klik **hier** om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Prof Ursula van Beek is die direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch.**